Telefoon: (012) 332-3222 | e-posadres: gsdp@gsdp.org.za | webwerf: www.gsdp.co.za

GEREFORMEERDE SKOOL
**DIRK POSTMA**

Wees sterk en vol moed

# INFO 8/2024

24 Mei 2024

## Van die skoolhoof

**Onderrig hulle deeglik**

*"en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan." (Deuteronomium 6:7)*

'n Teksvers vir ouers en natuurlik ook onderwysers. Ons moet ons kinders deeglik in die Woord van God onderrig. Dit beteken ons moet hulle opvoed met sorg en deursettingsvermoë. Onderrig hulle deurentyd, sonder ophou, met herhaling, sonder om moeg te raak. Jy maak nooit hiermee klaar nie want dit is 'n aanhoudende proses.

Opvoeders dink soms hul praktiseer opvoeding wanneer hulle met hul kinders praat, baie keer met 'n verhewe stem. Tog is opvoeding veel meer as dit. Dit is 'n hele assosiatiewe proses met 'n kind, wat insluit die kom en gaan, gesprek en stilte, veroordeling en aanmoediging, reaksie en weiering. Hierdie teksvers leer ons om die Here se woorde aan die gewone maar ook die ongewone te koppel.

Dit leer ons ook om dit orals en altyd te doen. Ons voldoen nie aan die eis van die Here deur hul net kerk toe te vat nie, maar ook deur wat ons doen en wie ons is. Ons het die Woord van God, wat die bron vir ons gedagtes en dade moet wees. By 'n Christelike skool gebruik ons hierdie bron tydens Bybellesse maar ook geïntegreerd in ons ander lesse. Bo en behalwe dit, onderrig ons deur wie ons as mens is. Die kinders hou die volwassenes dop, volg hul voorbeeld en luister na hul woorde. Tog is hulle meer ingestel op wat jy as volwassene uitstraal, hoe jy hulle behandel, hoe jy in moeilike situasies reageer en hoe jy met argumente en probleme omgaan.

Bo en behalwe om die woorde en lesse uit die Bybel uit te leer, is dit noodsaaklik dat ons as ouers en onderwysers dit ook elke dag in ons optrede vertoon. Ons moet hulle dus oefen in die geloof, dit doen ons deur aan hulle die Woord in te skerp, ook met ons mond (hart) en ons hande (dade). Dit moet mekaar ondersteun en versterk.

Vriendelike groete

*Saskia Meijer*

## Beplanner

- **25 Mei:** Eduplex Mini Netbaldag
- **27 Mei:** Mnr. Wiku van Rooyen verjaar
- **31 Mei:** Laerskool verkoping veldskool
- **13 Junie:** Gr. 1 – 3 Oueraand
- **13 Junie:** Gr. 4 -7 Uitstappie
- **14 Junie:** Skool sluit (11:00)
- **27 Junie:** Juf. Mariaan Hordijk verjaar
- **1 Julie:** Juf. Lizarie Smit verjaar
- **9 Julie:** Skole heropen

# Gespreksaande




Ons is baie dankbaar vir die mooi opkoms van grootouers, ouers en leerlinge wat na dr. Anke de Beer se insiggewende praatjie oor Digitale Verslawing kom luister het.

Dankie ook aan die kleuterskool se ouerkomitee wat vir heerlike koffie en tee gesorg het, mnr. Marius Kotzé en sy span wat alles reggesit het, en Franciska Drijfhout in Graad 12 wat die klank hanteer het en ook gesorg het dat die praatjie gestroom is.

Indien u vir dr. Anke de Beer wil kontak, is u van harte welkom. Haar nommer is 082 527 1548.

Onthou dat Willie Badenhorst op 30 Mei om 19:00 by die Gereformeerde Skool Johannes Calvyn die ouers en leerlinge gaan toespreek oor hoe om op die internet veilig te bly, veral vir almal wat so graag aanlyn speletjies speel.

Alle gr. 4 – 12 leerlinge en ouers word aangemoedig om hierdie praktiese sessie by te woon. Neem gerus ook jou skootrekenaar saam.

# Sport



LAERSKOOL NETBAL
Saterdag, 25 Mei 2024: 0/7–0/9 Eduplex Mini Netbaldag
Donderdag, 30 Mei 2024: Afsluiting

LIGA-UITSLAE:
o/10 – 2de plek
o/11 – 6de plek
o/13 – 2de plek
o/13 – 2de plek




Baie geluk! Ons is baie trots op ons meisies se harde werk en mooi gesindheid op die netbalveld.

HOËRSKOOL TAFELTENNIS
Die Hoërskool se tafeltennisspan het hierdie kwartaal vir die eerste keer in 'n liga met 10 skole deelgeneem en die vyfde plek behaal. Baie geluk en baie dankie aan Juf. Petra van der Veen vir die tyd en moeite wat sy ingesit het met die nuwe sport vir die seuns.



HOËRSKOOL FIETSRY
Sterkte aan die fietsryspan wat Saterdag aan 'n wedren deelneem.

Ons sê ook baie dankie aan 'n anonieme borg wat baadjies vir ons fietsryspan geskenk het. Ons wilgraag ons dank betuig aan die borg, en die ouers wat dit gereël het.



# Kleuterskool

**ROBOTIKA & KODERING IN DIE KLEUTERSKOOL (Deel 3)**

In deel een is daar gefokus op die belangrikheid van vaardighede wat by kleuters vasgelê moet word, deel twee het beklemtoon dat kleuters die idee van 'n instruksie en taal moet verstaan en deel drie fokus op praktiese idees vir die aanleer van kodering en robotika.

'n Paar oulike kodering idees sonder om van 'n skerm gebruik te maak:

1. Leer aan 'n troeteldier bevele, soos sit, eet, lê - Kleuters leer dat hulle 'n reeks verbale en nie-verbale instruksies moet gee om die gewenste gedrag by hul troeteldier te sien. Hierdie instruksies is 'n manier om hul troeteldier se gedrag te "kodeer".
2. Laat jou kind 'n skattejag onderneem! Baie van die vaardighede om 'n skattejag te beplan, uit te lê en uit te voer vereis vaardighede wat rekenaarprogrammeerders gebruik wanneer hulle kodeer. Deur 'n skattejag met instruksies en rigtings te skep, kan die kleuter dit volg om hul skat te vind. Daar is geen voorbereiding nodig vir hierdie aktiwiteit nie! Plaas eenvoudig "skatte" oral in die klas, huis of tuin en teken dan 'n kaart met instruksies. 'n Eenvoudige voorbeeld kan wees: twee groot stappe vorentoe, drie groot stappe regs, sit onder die tafel, vier groot stappe links, ensovoorts." Hierdie aktiwiteit kan selfs by die huis in die swembad gedoen word, sommer 'n lekker somer-aktiwiteit. Probeer dit gerus.
3. Speel speletjies soos Simon Says! Geen materiaal is hiervoor nodig nie, hul moet net instruksies kan volg.

Volgende keer deel ons 'n paar oulike idees om robotika te bevorder.

**MEDIKASIE:** Indien u kind 'n antibiotikakursus moet voltooi en dit moet in skooltyd gebeur, moet u skriftelik toestemming gee dat dit toegedien mag word. (Teken aan in die Medisyneboek: Vra 'n Juffrou vir die boek) **GEEN medikasie mag in 'n kleuter se tas/rugsak wees nie.**



# Laerskool





**AFLAAI EN AFHAAL VAN LEERLINGE**

Indien u kind op die kerkterrein af- of opgelaai word en die proses langer as 'n minuut gaan neem moet u asb. op die terrein parkeer. 'n Motor wat te lank staan, verhinder die vloei van die verkeer en dit lei tot groot opeenhopings in Dickensonlaan.

# Hoërskool



**AFHAAL VAN LEERLINGE**

Ons herinner ouers net weer daaraan om hul kinders betyds by die skool te kom haal. Dit is ‘n ernstige veiligheidsrisiko as ‘n kind alleen moet wag.

# Advertensies







# Snapscan Kodes

Snap here to pay
SnapScan
**GSDP-SKOOLFONDS**

<u>Doen betalings vir skoolfonds of boufonds met behulp van die "snapscan"-kodes of een van die volgende</u>:
EFT
D6-toep
Kaartfasiliteit (laerskoolkantoor)

Ons hanteer GEEN KONTANT nie.

Onthou om altyd u familiekode en die doel (as dit anders is as skoolfonds) te gebruik, byvoorbeeld 0123 BOUFONDS.

Snap here to pay
SnapScan
**GSDP-BOUFONDS**

## Ondersteun GSDP & Herwinning

## Blits




**Wanneer u aankope te Blits doen, noem asseblief dat u 'n GSDP-ouer/-ondersteuner is.**

**Dankie vir u ondersteuning!**

## My school

Hoe werk die MySchool-kaart? Vir aankope by winkels wat gekoppel is aan die kaart, bv Woolworths, ontvang die skool maandeliks 'n persentasie van die aankope.
Indien u nog nie 'n kaart het nie, besoek die web-tuiste van MySchool en volg die skakel na "Get a MySchool card now". Dit is baie maklik en neem enkele minute.

**Ons het afgelope jaar R 16 405,00 uit hierdie projek ontvang.**

MySchool MyVillage MyPlanet

## Pick n Pay, Waverley Plaza

Pick n Pay
Inspired by you

**Plaas asseblief al u kasregisterstrokies in die houer, gemerk "Dirk Postma". Die skool in die Moot met die MEESTE kasregisterstrokies (nie geldwaarde nie), ontvang aan die einde van die jaar 'n kontantbedrag.**

## GSDP: Glasprojek

Ondersteun asseblief ons glasprojek deur al u "afval"-glas in die houers te Cunninghamlaan te plaas.

**Baie dankie dat ons kan staatmaak op u ondersteuning.
Saam kan ons probeer om die nasionale wenner in 2024 te wees.**

